

## HOOFSTUK VII

### Die keuse van die proefpersone

Die Republiek van Suid-Afrika bestaan uit 'n heterogene bevolking. Soos reeds deur die ondersoek van Cluver et al (31) aangedui is, vind ons hier te lande Blankes, Bantoes, Indiërs, Sjinese en Kleurlinge. Die Bantoe maak verreweg die grootste deel van die bevolking uit. Die Blankes is die tweede grootste rassegroep.

Die Bantoe bestaan uit verskillende stamme of etniese groepe. Daarenteen bestaan die Blankes in hoofsaak uit Engels- en Afrikaanssprekende groepe. Verder is daar 'n klein groepie Jode, Grieke, Duitsers, Nederlanders, Italianers en Hongare.

Die ondersoeke wat in die vorige hoofstukke (II, III en IV) bespreek is, dui daarop dat sekere verskille tussen die Blanke en die Neger (Amerika) en die Blanke en die Bantoe (Suid-Afrika) reeds deeglik bestudeer en ondersoek is. Die meeste ondersoeke is tot die terrein van die intelligensiemeting beperk. Soos in Hoofstuk II aangedui is, bestaan daar geensins eenstemmigheid aangaande hierdie probleem nie.

Soos uit Hoofstuk IV geblyk het, is nog maar weinig navorsing ten opsigte van die fisiese prestasievermoë tussen die twee rasse gedoen.

Die Republiek van Suid-Afrika bied in die opsig nog unieke geleenthede aan die navorser. Hier bestaan 'n gevestigde, beskaafde Blanke ras naas die onbeskaafde of grootliks onbeskaafde Bantoe. Die Bantoe bestaan tans uit beskaafde, minder beskaafde en feitlik onbeskaafde groepe, selfs binne dieselfde etniese groep. Die verstedelike Bantoe het die westerse leefwyse van die Blanke aanvaar. Talle Bantoes is goed belese, hulle het 'n hoë akademiese standaard bereik en beklee vername en verantwoordelike betrekings. Hierteenoor kry ons nog die Bantoe in sy natuurlike omgewing wat die tradisies en leefwyse van die voor-

vaders behou en handhaaf. Hierdie Bantoes dra min kennis van die wêreld en is, volgens ons standarde, nog onbeskaaf. Hulle is geheel en al ongeletterd en gaan skamel geklee. Hulle behoeftes is nie so gekompliseerd soos die Blankes s'n nie; daarom dat hulle nie veel nodig het om tevrede gestel te word nie. Die Bantoes vorm die grootste deel van die ongeskoolde hande-arbeiders van die Republiek, ook proporsioneel as die getalle vir elke ras in aanmerking geneem word.

Teenoor die Bantoe is die Blankes n hoogsbeskaafde ras. Hulle is geletterd met n besondere sterk drang na prestasie. Oor die algemeen beklee die Blankes meer verantwoordelike betrekings as die Bantoes. n Geringe aantal Blankes behoort tot die groep ongeskoolde hande-arbeiders.

Die probleem betreffende die fisieke prestasieverskille tussen die twee rasse tot en met die agtiende lewensjaar is reeds deur ondersoekers soos Smith (151) Cluver en ander (31), Joubert (85) en Smit (150) behandel en n duidelike uitspraak kon gelewer word. Derhalwe is hierdie ondersoek beperk tot mans in die twintigste tot die vyf-en-dertigste leeftydsgroep. Die vyf-en-dertigste lewensjaar is as grens geneem, sodat die grootte van die groep enigszins beperk en afgebaken kon word. Die belangrikste oorweging was egter dat baie mans na hulle vyf-en-dertigste lewensjaar duidelike tekens van verskillende hart- en bloedvatsiektes begin vertoon. Daar is gevoel dat dit n risiko inhou as die ouderdomsgroep nie ingeperk word nie. (Nuuskommentaar Radio Suid-Afrika: 23/7/63 om 1.15; n Verslag oor die verrigtinge van die Mediese kongres wat in Johannesburg gehou word.) In die reël eis hierdie siektes hulle slagoffers tussen die ses-en-dertigste en vyftigste lewensjaar. Daar is gevoel dat, waar n verteenwoordigende monster van die bevolking binne sekere grense getoets moet word, dit veiliger sal wees as die ouderdomsgrens ietwat ingeperk word.

Dit blyk reeds uit die bespreking tot dusver dat die proef-

groepe uit Bantoe- en Blanke mans tussen die ouderdomme negentien- tot vyf-en-dertig jaar sal bestaan. Die volgende faktore is by die keuse van die proefpersone in ag geneem:

(i) Leeftyd:

Eweveel persone van die verskillende leeftye, sowel Blankes as nie-Blankes, moes by die proefgroepe ingesluit word.

(ii) Tipe arbeid:

Dit mag wees dat die tipe arbeid wat n persoon verrig sy liggaamlike prestasievermoë beïnvloed. Daar is gepoog om proefpersone uit soveel beroepe as moontlik te vind. Dit geld vir albei rasse.

(iii) Landstreek van herkoms of waar die toets afgeneem word:

Dit is algemeen bekend dat persone wat van die kus af kom, in die binneland nie tot soveel fisieke inspanning as by die kus in staat is as hulle nog nie geakklimatiseer is nie.

(iv) Sportdeelname:

Soos in n vorige ondersoek (128) aangedui is, verhoog sportdeelname die liggaamlike prestasievermoë aansienlik. Dit is derhalwe nodig dat sowel sportmanne as nie-sportdeelnemers by die Bantoes en die Blankes by die proefgroepe ingesluit moet word.

Die proefpersone is elkeen persoonlik genader om die toets af te lê. Die doel van die toets en die verskillende toetsnommers is aan hom (hulle) verduidelik en daarna is die vrywillige samewerking van die betrokke persoon of persone gevra. Geen dwang is op enige proefpersoon uitgeoefen nie. Die ondersoek is in breë trekke soos volg verduidelik:

„Hierdie ondersoek is n navorsingsprojek wat n probleem aanpak waaroor daar baie onsekerheid bestaan. Ons is bewus van

die feit dat die Bantoe waarskynlik meer hande-arbeid as die Blanke verrig. Die vraag is nou of die Bantoe nie oor 'n groter algemene liggaamlike prestasievermoë as die Blanke beskik nie, of omgekeerd. Ten einde hierdie probleem op te los word die krag, snelheid, uithouvermoë en behendigheid van die twee rasse gemeet. Die toetsnommers wat gebruik word, sluit in die meting van die rugkrag, standverspring, 60 tree wisselloop, gewigstoot, optrekke aan die rekstang en 'n 800 voet wisselloop vir uithouvermoë. Die nommers is nie besonder inspannend nie, behalwe die laasgenoemde toetsnommer. Die afneem van die hele toetsreeks duur ongeveer dertig minute. Alle gegewens en prestasies sal as vertroulik beskou word.

„Nadat die toetsreeks voltooi is, kan u fiksheidsprestasie aan u verstrek word, byvoorbeeld of u 20%, 30% of meer fiks is.” (Ek gebruik die term „fiksheid” hier, omdat dit beter bekend en verstaanbaar as die term liggaamlike prestasievermoë is.) Die doel van die ondersoek is in 'n eenvoudiger taal aan die Bantoe gestel en waar nodig is 'n gehuurde tolk gebruik.

Die hele ondersoek is daarna, indien nodig, met die proefpersoon bespreek, sy vrae is beantwoord en 'n afspraak vir die afneem van die toets is gereël.

Die Blankes en die nie-Blankes het die toetse afsonderlik afgelê. Sover as moontlik het vier of meer proefpersone indien hulle gewillig was, die toets gelyktydig as 'n groep afgelê.

Ten einde beter kontak met die Bantoes te maak en hulle vertrouwe te probeer wen, is 'n jong Bantoe as tolk en demonstreeker gebruik. Hy is vooraf deeglik in die verskillende toetsnommers geoefen om te verseker dat sy demonstrasie en verduidelikking korrek is.

Alle apparaat is vooraf, en weer waar nodig, voor elke toets, getoets en gestandardiseer. Die apparaat is ook vooraf vir die afneem van die toetsbattery in gereedheid gebring sodat die toetse onmiddellik afgeneem kon word wanneer die proefpersone opdaag.

Van elke proefpersoon is verlang om 'n kort broekie aan te hê. Seilskoene of kaalvoet was opsioneel. By die Bantoes was dit nie altyd moontlik om kort broeke te kry nie en derhalwe is die toetse dan in hulle gewone werksklere afgeneem.

Voor elke toetsnommer is die betrokke toets weer aan die proefpersone verduidelik en gedemonstreer. Waar dit aangedui is, kon hulle 'n proefbeurt neem. Elke proefpersoon moes ook vooraf eers opwarm ten einde die gevaar van beserings te verminder.

By die aflegging van die toetsnommers is die proefpersone gedurig dopgehou om vas te stel dat elkeen sy beste prestasie lewer. Indien die proefnemer nie oortuig daarvan was dat die proefpersoon sy beste prestasie gelewer het nie, kon die toets, indien moontlik, herhaal word, so nie is die ander resultate van die proefpersoon ook nie gebruik nie. Die prestasies van die proefpersoon in elke toetsnommer is hardop aan die betrokke proefpersoon meegedeel, byvoorbeeld „die trekskaal is tot op 350 lb. getrek“; „hy het 90 duim vergespring“, ensovoorts.

277 Blankes is vir die ondersoek getoets. Hulle het die volgende beroepe verteenwoordig: onderwysers, klerke, mynwerkers, spoorwegarbeiders, dosente, polisie en studente.

293 Bantoes is vir die ondersoek getoets. Hulle het die volgende beroepe verteenwoordig: kelners en koshuisbediendes, spoorwegarbeiders, koöperasie-arbeiders, plaasarbeiders en klerke.

Nadat die gegewens versamel is, is die resultate van elke proefpersoon op 'n afsonderlike kaart geskryf. Vir elke ouderdomsgroep en vir elke ras is kaartjies van 'n afsonderlike kleur gebruik. (‘n Voorbeeld van so 'n prestasievorm en -kaart verskyn hier langsaan) Hierdeur is die verwerking van die gegewens aansienlik vergemaklik.